

Christus vervul ons met alle liefde ten volle

ds. PJ Kriel

09.08.2020

Inhoud Preek Kolossense 2. voller dieper intiemer volheid. Hierdie preek wys dat die moderne Christelikheid se versugting na 'n voller, dieper, intiemer en meer vervulde lewe met God as om ingesluit te wees in Christus is 'n heidense passie, nie die verlange na die Heilige Gees nie. Dit is die passie na geestelike mag omdat God se liefde mense wie hierdie mag soek onvervuld laat.

Skriflesing Kolossense 1: 3 -5, 15 – 17; 2: 8 – 23. Hosea 2: 5 – 12.

Teks Kolossense 2: 9.10 In Hom is die volle wese van God teenwoordig – en in hom is julle met sy volheid vervul.

Tema Christus vervul ons met alle liefde ten volle

1. Paulus spreek in hierdie brief die versugtinge van Christene uit die heidendom binne die gemeente aan. Hulle het met die heidense versugting geleef om met God 'n voller, ryker en meer oorvloediger belewenis van God te ervaar as wat Jesus Christus vir hulle gee.

In hulle heidense versugtinge was Christus nie vir hulle geestelike lewe genoeg gewees nie. In wie Christus is, wat Christus vir hulle doen en wie Christus hulle vir God laat wees, was daar 'n geestelike gemis en leegheid gewees.

Daarom moet u die herhaling van sekere woorde in hoofstuk een en twee hoor waarmee Paulus hierdie versugting aanspreek: Christus het alles geskep. Alles is in Hom deur Hom en tot Hom geskep. Dit is die eerste belangrike woord: alles! Hy het voor alles bestaan en alles hang in Hom saam!

In die kerk van die Here neem Hy in alles die eerste plek in. (1:18) Hy gee al die wysheid en insig van God deur die Gees. (1:9), Hy sorg dat ons God in alles tevrede stel (1:10) en Hy laat ons in al die skatte van wysheid en kennis oor God deel. (1:3)

Die ander woord is die woord “vol.” Christus vervul ons met al die wysheid en kennis van die Gees (1:9), wat sorg dat ons God in alles tevrede stel (1: 10), Christus bring ons tot volmaaktheid vir God in Hom (1:28), Christus vervul ons met volheid (2:10) en Hy laat ons oorvloedig dankbaar wees teenoor God (1:7)

Die ander woord is rykdom, wat wys dat gelowiges alles het wat God vir sy kinders gee in oorvloed. In Christus is al die skatte wat God aan sy kinders gee (2: 3), Christus laat ons leef in die rykdom van ons vereniging met Hom (1:27) en Hy bring ons tot die rykdom van die allesomvattende kennis van God se liefde, genade en vrede.

Christus vervul ons met alle liefde ten volle

2. Christus is die volheid van alles wie God vir sy kinders is en die volheid van alles wie God sy kinders vir Hom laat wees. Dit is die kernsin en hoofverklaring van Paulus in 2: 9 en 10: "In Hom is die volle wese van God immers liggaamlik teenwoordig en in ... is julle met hierdie volheid vervul."

Daar is niks van God wat in Christus ontbreek nie en daar is niks in God se kinders wat Christus nie vervul met alles wie God vir hulle is en God hulle vir Hom laat wees nie.

Daar is in Christus as Hoof van die kerk en sy kinders, niks onvervuld nie! Daar kan nie buite Christus iets vollers, ryker of oorvloediger van God wees nie Daar kan ook nie 'n onvervuldheid, 'n gemis, leemte of leegheid wees in sy kinders wees oor hom nie.

"In Hom is die volle wese van God immers liggaamlik teenwoordig en in ... is julle met hierdie volheid vervul."

In hierdie aankondiging van Paulus oor die volheid van Christus en die vervuldheid van sy kinders teenoor gemeentede uit die heidendom wat voel dat hulle in Christus en hul Christenskap 'n leegheid, gemis en onvervuldheid beleef, moet u die werklike oorsprong en karakter van hierdie gevoel van onvervuldheid ontdek.

3. Ons kan vir Paulus se aankondiging van Christus en Christene se volheid en vervuldheid teenoor Christene uit die heidendom se versugting na iets meer en ryker, met 'n voorbeeld toelig wat feitlik elke profeet in die Ou Testament gebruik.

Die voorbeeld van 'n getroue man se behoefte aan minnaresse terwyl hy 'n getroude man wil bly! Die rolle kan net so maklik omgeruil word na 'n vrou in 'n huwelik wat minnaars wil hê terwyl sy getroud wil bly met haar man. Dit is wat Hosea in ons gelese teksgedeelte doen.

God is soos 'n getroue man wat sy kinders met alles wat hulle nodig het in liefde versorg: koring, wyn, olie, wol vlas en baie geld. Maar Israel maak asof sy dit nie by haar man nie, maar haar minnaars, haar afgode kry. Hosea beskryf met hierdie beeld die wese van hierdie sedeloosheid. Terwyl die man vir alles wat nodig is vir vrou en kinders voor sorg in sy liefde, voel die vrou onvervuld, leeg en leef sy met 'n gemis in hierdie volkome liefdevolle sorg. Wanneer sy dan 'n minnaar kry wat net vir een aand vir 'n kamer betaal, net een keer 'n ete koop en een keer vir haar juwele gee, dan voel sy dit maak haar lewe vol en vat al die gemis in haar lewe weg! Dit is terwyl haar man nog steeds elke dag vir alles volledig sorg!

Daarom is die dinamika van hierdie persversie dat sy altyd by haar man wil bly, maar spesiale oomblikke met minnaars wil beleef wat haar vervuld maak. Sy wil al twee

Christus vervul ons met alle liefde ten volle

hê: die een wat altyd alles gee en die ander wat net altyd daardie iets anders, meer inniger, meer spesiaals, meer intiemer, meer betekenisvol en meer kragtiger gee.

4. Wat is hierdie “iets meer” wat die gewone volle liefde van ’n man vir so vrou of so man nie kan gee nie?

Ons is al so gekondisioneer met hierdie menslike perversies dat ons al aanvaar die fout lê by die een wat alle liefde gee. Die skuld vir die gemis en leefheid van die een wat ’n minnaar soek, is en ons deesdae altyd in die gebrekkige liefde van die huweliksmaat.

In Hosea wys God egter iets anders. Wat soek só ’n vrou wat al die liefde en sorg in al sy volheid by haar man kry, by ’n minnaar wat haar net per geleentheid ’n bietjie trakteeer, maar glad nie vir haar sorg nie? In hierdie versugting na iets meer intiemer, kragtiger, passievoller en spesiaals soek ’n man of vrou nie meer liefde nie, maar mag! Elke sielkundige handboek beskryf dit! Hierdie intimiteit gaan oor ondergeskiktheid en mag! Dit gaan nie oor ’n gemis aan liefde wat nie genoeg is nie, maar oor liefde wat nie ondergeskiktheid en mag kan wees nie.

Daarom stel Paulus dat alles wat hierdie Christene uit die heidendom nou gebruik om dit wat Christus kamstig nie vir hulle gee nie, gaan oor die bevrediging van hulle sondige natuur. (2:23) Hulle wil dat kragte en magte buite Christus in hulle die leemte, die leegheid en die gemis aan ondergeskiktheid en mag sal bevredig. Want Christus se volle liefde laat hulle leef voel in hul versugting na mag!

Hulle man se volle liefde laat hulle onvervuld voel vir die mag en ondergeskiktheid van hul minnaars en hulle aan hulle minnaars!

5. Paulus stel in hoofstuk 1 en 2 die kontras tussen die volheid in Christus en hulle soeke na iets anders buite die volheid in Christus.

Die eerste kontras gaan oor “filosofiese redenasies wat gegrond is op menslike tradisie en kosmiese elemente” (2: 8) teenoor “Christus in wie al die skatte van wysheid en kennis verborge is. (2: 3)

Christus is die volle kennis en wysheid van God se liefde, genade, goedheid en barmhartigheid. (2:3) Hierdie kennis en wysheid gaan oor hoe Hy as God ons deel van sy liggaamlik as mens. Ons is ingesluit deur sy teenwoordige krag as God by wie Hy as mens liggaamlik in die hemel is om só deur van sy lyding, kruisiging, sterwe en opstanding te wees. ((2:11 – 13) In hierdie vereniging met Christus ken ons al god se liefde, goedheid, barmhartigheid en vrede met ons in ons sondigheid.

Maar die Christene uit die heidendom voel in hierdie kennis van Christus sy lyding en opstanding is daar ’n leemte, ’n gemis en gebrek aan die kennis van wie God

Christus vervul ons met alle liefde ten volle

eintlik vir hulle is. Hierdie spesiale kennis van God waarin 'n mens God beter en meer intiemer ken as in Christus, word genoem “filosofiese redenasies wat gegrond is op menslike tradisie en teorieë oor die kosmiese elemente.” Hulle vind in filosofiese teorieë en redenasies oor die natuur, oor water, grond, wind en vuur kennis wat meer goddelik is. Hulle vergoddelik die skepping in hul filosofiese redenasies en in hierdie kennis van God voel hulle hul meer intiem met God as die kennis van Christus.

Hoekom?

Want kennis van die natuur is en kennis van die goddelike natuur is goddelike mag! Hierdie goddelike kennis gee jou die mag oor die skepping en maak jou mede-heerser met God oor sy skepping. Dit maak jou een van die gesagvoerders en magshebbers van 2:15. Die kennis van Christus gee jou geen goddelike magte oor sy skepping nie. Dit laat jou sy volle liefde, goedheid, genade en barmhartigheid ken wat jou sy dienaar in sy skepping maak.

Hierdie kennis van God se volle liefde in Christus is vir hulle egter leeg. Leeg van enige mag wat hulle graag deur goddelike kennis wil hê. Die leemte, gebrek en gemis aan goddelike kennis is die gemis om sondig te wees, nie meer van God se liefde en diens te wil weet nie.

Hierdie versugting na goddelike natuurkennis wat jou mag oor God se skepping gee, is die versugting na 'n minnaar terwyl jy die volle liefde van jou man ken.

Leeg want liefde is nie genoeg nie.

6. Die tweede kontras gaan oor om beoordeel te word volgens “wat julle eet of drink of 'n fees, 'n nuwemaansfees of die Sabbat nie” (2:16) teenoor “maar nou het Hy julle deur sy liggaam met Homself versoen, sodat hy deur sy dood julle heilig, foutloos en onberispelik voor Hom kan stel.” (1:22)

Die Christene uit die heidendom het gevoel dat in wat Christus vir hulle doen, om hulle heilig, foutloos en onberispelik te maak, laat hulle nog leeg en onvervuld. Hulle soek iets dieper en kry dit in wat hulle eet, drink en in feesvierings. Wanneer hulle nie varkvleis eet nie of nie krappe en krewes eet nie (Lev. 11) is hulle meer foutloos as wanneer Christus hulle vir God foutloos maak. Wanneer hulle 'n Sabbatdag se Sabbatswette nagekom het voel hulle meer heilig as wat hulle in Christus is en wanneer hulle 'n spesiale fees soos 'n nuwemaansfees gevier het, voel hulle dat nou is daar nie meer fout met hulle lewe vir God nie. Iets wat hulle nie in Christus kan voel of beleef nie.

Kan u hoor wat gebeur?

Christus vervul ons met alle liefde ten volle

Wanneer Christus wie die volheid van alles is wie God vir sonde is, en hulle vir sy liefde volkome laat wees, hulle heilig, foutloos en onberispelik maak vir altyd, dan voel hulle dit is nie regtig nie, dit voel nie genoeg nie en dit voel nie werklik nie. Christus wat my volkome heilig, foutloos en onberispelik maak deur my in te sluit in wie Hy as mens liggaamlik is, volkome vir altyd, is nie genoeg nie! Ek voel dit eers wanneer ek sekere kossoorte nie et nie of spesiale eredienste op 'n sosiale manier vier.

Wat is dit?

Dit is die verskil tussen 'n man en minnaar! Liefde is net nie genoeg nie want liefde gee nie mag nie. Gewone eredienste waarin die Here se liefde verkondig laat my onvervuld maar spesiale Pinksterdienste gee my die volheid van wat gewone dienste my nie gee nie. Wanneer jy 'n erediens op 'n Saterdag as Sabbat vier, dan is jy meer vervuld en voel jy meer heilig, foutloos en onberispelik as wanneer jy 'n erediens op 'n Sondag bywoon, soos in die Sewedaagse Adventiste!

Wanneer God jou heilig, foutloos en onberispelik maak dan moet jy sy liefde vertrou, maar met hierdie spesiale wette kry ek die mag om myself vir God reg te maak!

7. Die derde kontras gaan oor “die aanbidding van engele en sien van visioene” (2:18) teenoor die waarheid van die evangelie. (1:6)

Paulus stel 'n besondere klem op die evangelie-prediking deur dit die woord van die waarheid van die evangelie (1: 5) en die “woord van Christus” te noem. Laasgenoemde is die enigste plek in die Nuwe Testament wat die evangelie só genoem word.

Hierdie prediking van die evangelie, die woord van Christus, is hoe die Here self mense vrug laat dra en hulle in sy liefde en aanbidding laat groei. Dit is deur hierdie prediking dat die Here Jesus Christus elke goeie werk binne in gelowiges skep.

Teenoor hierdie woord van Christus voel hierdie Christene uit die heidendom egter dat hierdie aanbidding wat Christus skep en laat groei deur sy Woord voel nie volkome en daar ontbreek nog iets van die ware aanbidding van God in hierdie Woord van Christus. En dit vind hulle in engele en geestelike visioene!

Hierdie geestelikheid werk dan só! Dit is goed en reg dat die Here al my sonde vergewe en my liefhet, maar weet jy wat beleef ek in hierdie engel! Weet jy dat hierdie engele met my praat en dat ek my beskermengel op die naam ken! In hierdie visioen wat ek gesien het, ervaar en beleef het, het ek iets baie meer intiem, meer oorstroomend en geestelik dieper beleef, as wat ek hoor in die woord van die waarheid, die woord van Christus – die evangelie in die prediking.

Christus vervul ons met alle liefde ten volle

Hoekom voel jy leeg wanneer jy die evangelie van Christus hoor, maar vervuld, spesiaal, wanneer jy 'n visioen kry of die stem van 'n engel hoor?

Want Christus is nie genoeg nie. Mense soek nie net 'n man nie, maar ook 'n minnaar!

8. Die vierde kontras gaan oor “selfvernedering”, “gewaande nederigheid” en “selfkastyding” (2: 18, 19) teenoor “geloof, hoop en liefde” (1:4 en 5)

Hulle verneder hulle self voor God deur hulle self voor God sleg te maak en sleg te sê, maak hulle nederig voor God deur hulself niks en niks werd voor God te maak en kasty hulle self met god se oordeel, vloek en veroordelings oor hulle op so 'n wyse dat hulle in hierdie daad ervaar dat hulle hierin die volle verhouding met God beleef.

En waarteenoor staan dit? Dit staan teenoor geloof, hoop en liefde!

Paulus som die volle deelwees van die evangelie van Christus dwarsdeur sy briewe op met die woorde: geloof, hoop en liefde!

Geloof is die geloof in die volle liefde van God in Christus – ek vertrou Christus dat Hy my in alle liefde van God altyd laat deel! Liefde beteken omdat ek in sy volle liefde leef, skep Hy in my die waardigheid, die trots en selfversekering dat ek God met my liefde wat altyd skeef, half en gebrekkig is, kan liefhê, want Hy laat dit volkome liefde vir Hom wees. Hoop beteken dat ek in die sekere verwagting kan leef dat hierdie liefde tussen my en God nooit sal ophou nie, want die Here sal my uit die dood laat opstaan om 'n mens te wees wat vir ewig in God se liefde leef. Hierdie liefde kan nie ophou nie.

Hierdie volheid van geloof, liefde en hoop staan ook vandag in Christelike kerke waarin die nuwe heidendom opstaan teenoor selfvernedering, gewaande nederigheid en selfkastyding, waarin mense die volheid ervaar wat hulle kamstig nie in geloof, liefde en hoop ervaar nie!

Geloof, liefde en hoop, is nie genoeg nie!

Jy moet eers jouself voor God slegsê, jouself voor God se mag verneder en jouself seermaak met God se strawwe, oordele en vervloekings en dan sal God jou in sy goddelike krag en mag laat deel!

Kan u hoor? Iets buite Christus! Maar wat? Volgens Hosea se voorbeeld! Wat is daar wat die man nie doen nie wat maak dat jy 'n minnaar nodig het wat jou spesiaal laat voel? Paulus kom en sê dit is niks anders nie as jou sondige geaardheid wat jou buite Christus na iets vollers, beters en meer oorvloediger by God laat soek as die volle liefde waarin Hy jou insluit.

Christus vervul ons met alle liefde ten volle

9. Paulus kom eintlik indirek met 'n waarskuwing en teregwysing tot hierdie versugting waarmee hulle wil leef deur te wys wat die Here Jesus Christus met hierdie kragte, magte, gesaghebbers en magshebbers doen waarin hulle vervulling soek. In aansluiting by Hosea wys Paulus dat die Here hulle gaan kaal uittrek: "Ek gaan hierdie kragte, magte, instellings, owerhede, magshebbers en gesagvoerders wat wys Ek is nie genoeg nie!"

Die vertalings beskryf hierdie optrede van die Here as "ontwapening", maar u moet hierdie ontwapening volgens die Griekse betekenis sien volgens Hosea se beskrywing van kaal uittrek, bedoelende: "Ek gaan jou van al jou wapens en monderings en klere stroop en kaal in 'n optog verneder voor almal wat jou naaktheid sal sien, en nie meer die magte waarmee jy jou valslik bekleed het nie."

Dit is Romeinse generaals hul vyand in oorwinningsoptogte in Rome verneder het.

Christus stroop al hierdie geestelike magte, kragte, instellings en gesagvoerders van hierdie waan dat hulle meer is, beter is, magtiger is, intiemer met God is as Jesus Christus in sy liefde vir sy kerk. Christus vervul ons met sy volle liefde as Here en God en laat ons vir Hom alles wees wat ons self nie vir Hom kan wees nie. Daar is geen mense, organisasies en instellings wat jou meer vir God kan wees as wat Christus jou laat wees nie.

10. Daarom kom die vraag tot ons in hierdie Woord van God: "wat soek jy nog anders?"

- Glo u dat daar nog van God se liefde is wat Hy nie vir u ten volle gee en waaraan daar in u lewe 'n gemis is?
- Glo u daar is nog uitstaande genade wat God van u weerhou wat u onvervuld laat?
- Glo u dat God iewers iets van sy barmhartigheid van u weerhou en u in die houe van sy afsydige wraak laat leef sodat u nie naby Hom kan wees nie?
- Glo u daar is iets goeds wat God vir u moet wees, 'n welbehag wat Hy in u moet hê, maar nog nie vir u het en vir u gee nie?

Nou wat soek mense dan meer as dit?

As Christus jou vir homself heilig, foutloos en onberispelik maak met alles wat jy nie kan doen nie, nie reg kry nie en mee aanhou sukkel, voel u dat daar iets anders is wat jou sal laat voel maar nou is ek vir Hom heilig, sonder foute en onberispelik?

As Christus vir jou verseker dat Hy jou met al jou foute deur sy dood foutloos maak, voel u daar is nog iets waaroor u tereg gewys moet word, voordat jy die volheid kan beleef?

Christus vervul ons met alle liefde ten volle

Nou wat se ding is hierdie dat u en die kerk altyd moet hoor: “Ons voel onvervuld in ons verhouding met Christus,” “Ek voel nog leeg in my verhouding met die Here”, “Daar is iewers ’n gebrek in my verhouding met Christus wat my geestelik laat verlang na meer”, en die minnaar wat hierdie volheid gaan gee wat die Here nie vir my gee nie, is die Heilige Gees!

11. Dit is die versugting van die nuwe moderne heidendom binne in die Christelike kerke: Jesus is die man maar die Heilige Gees is die minnaar!

Jesus is die Here wat sorg vir wol, vlas, sonlig, reën en vergifnis, maar as jy by God iets spesiaals wil hê, ’n spesiale ervaring van goddelike mag, ’n belewenis dat God se goddelike lewe jou eie is, dat jy met god se Gees gedoop word en deel in sy raad, sy voorsienigheid sodat jy weet wat sy planne en besluite is, jy nie meer in menslike krag moet sukkel met die gewone lewe nie, maar met goddelike krag vervul word wat jou bo-menslik laat leef, dan moet jy dit by jou minnaar die Heilige Gees kry.

Want Jesus is my man en die gees is my minnaar!

Woorde is moeilik want dit kan gewoonlik meer as net een betekenis hê, maar kom ons toets hierdie saak – die gees wat meer is en meer gee as wat Jesus as Here is en gee! Al hierdie dinge wat hierdie goddelike gees jou gee, die doop met die Gees, die krag van die gees, die lewe van die gees, die vervulling van die gees, die visioene en missies en drome van die gees, is altyd iets geesteliks anders as wie die Here Jesus self vir ons is en gee en dit is altyd iets wat jou meer vervuld, voller, beter, dieper en intiemer met God sal laat wees as wie Jesus Christus jou maak.

Christus in hierdie afgodsdienste los altyd net daardie ietsie wat kort, wat leeg is, wat ontbreek en dit moet ek by hierdie goddelike gees gaan kry, wat sommer net moedswillig die Heilige Gees genoem word.

Dit is mos net hoe dit gepreek, geleer, geglo en geleef word!

12. Hoe kan ’n mens in ’n pastorale gesprek met ’n man en vrou ooit sê, dat as jy man jou nie vervul nie, gaan soek dit by ’n minnaar?

Dit is presies wat in die kerk en mense se harte vandag sê en glo!

Hulle wil die heidense passie na goddelike mag, krag en lewe voorhou en ervaar as die volheid van ’n gees wat Jesus nie vir ons gee nie! Daarom leer hulle die doop en vervulling as ’n tweede ervaring na die geloof in Christus! In Christus kry jy die liefde van die man en in die gees die passie van afgodsdienste!

Christus vervul ons met alle liefde ten volle

Ek weet Jesus gee liefde, vrede, barmhartigheid en vergifnis, maar ek soek krag!
Goddelike krag, mag en lewe wat my sal bemagtig om meer mens te wees as wat ek moet wees! dit is eer spesiaal as die liefde in Christus.

Ons moet versigtig wees met hierdie heidense passie in ons! Wat doen Christus met hierdie goddelike kragte en magte waarmee mense hulle wil beklee? Hy sal hulle kaal uittrek sodat ons sondige driftigheid vir almal deur al ons geestelike waanbeelde deursigtig sal wees.

Voel u onvervuld in die liefde van Christus? Voel u leeg in die genade van Christus? Voel u 'n gebrek aan aanbidding in die goedheid van Christus vir u? Voel u 'n leemte in u toewyding aan Christus wat jou heilig, foutloos en onberispelik laat wees?

Stop jou nonsens!

Stop hierdie heidense versugting na geestelike mag terwyl Christus jou in God se volle liefde laat leef en jou liefde vir Hom volkome maak met alles wat jy nie reg kan doen nie.

Stop jou verlange na 'n minnaar terwyl jy in die volle liefde van die Here ingesluit is! dit is 'n heidense versugting waarvan jy jou moet bekeer, nie wat God vir jou moet vervul nie.

Glo en leef in die volle liefde van God in Christus!